

Materiaal identifikasie – Die eerste stap in proses veiligheid sisteem! Januarie 2021



Chemiese verpakings lyk baie keer dieselfde.

'n Operateur het grondstof uit drome in die aanleg gelaai. Die drome was almal swart met wit bokant en 'n blou-en-wit etiket. Na ongeveer 20 drome ingevoer is merk die operateur een drom wat 'n ander naam het maar net soos die ander drome lyk. Dit het 'n ander materiaal in gehad as die ander. Na gesprek met sy toesighouer is die drom eenkant gesit.

Wat sou gebeur het as hy die drome blindelings gelaai het sonder om wakker te wees? Dis onseker of daar 'n reaksie sou wees maar dit sou waarskynlik ernstige kwaliteit probleme veroorsaak het.

Watter voorsorgmaatreëls het in die geval gefaal? Die verskaffer het 'n fout gemaak toe die drome op palette gelaai is. Die persoon wat die materiaal by die stoor ontvang het, het nie seker gemaak al die drome is dieselfde nie. Hierdie voorsorgmaatreëls maak staat daarop dat werkers prosedures volg en oplettend en noukeurig werk.

Soos in die voorbeeld, is meeste operasie waar chemikalieë hanteer word is hoogs afhanklik daarvan dat mense hulle werk korrek doen. Verskeie proses veiligheids sisteme maak staat daarop dat chemikalieë korrek geïdentifiseer word by ontvangs. Elektroniese skandering van inkomende chemikalieë kan die akkuraatheid van ontvangste baie verbeter, AS die staafkode natuurlik korrek deur die verskaffer aangebring is.

Het jy geweet?

- Sisteme vir die ontvang van chemikalieë is gebaseer op administratiewe beheer maatreëls. Daar word verwag dat mense prosedures volg en deurentyd aandag gee aan detail. 'n Oomblik waarin aandag afgelei is kan veroorsaak dat 'n ernstige insident plaasvind.
- Mense maak foute ten spyte daarvan dat hulle fokus op die taak wat gedoen moet word. Self hoogs opgeleide mense soos loodse is meestal net 99% korrek.
- Sommige maatskappye volg die "4 oë beginsel" Dit beteken om 'n ander persoon te kry om bevestig dat die prosedure korrek gevolg is. Daar was al baie insidente waar 'n tenkwa afgelaai is in 'n verkeerde ten met ernstige gevolge. In party gevalle het die tenk oorgeloo. In ander gevalle was daar 'n chemiese reaksie, vrylating van giftige gas, kontaminasie of finansiële verlies.
- Baie houers lyk dieselfde – drome, IBC's en spoorweg tenkwaens. Dit maak korrekte etikettering krities belangrik.
- Baie massa aflaai insidente het gebeur omdat verkeerde toerusting gebruik is – verkeerde materiaal vir buigbare pype, of verkeerde laai virk om 1-ton semi-massa houers vir vloeistof of vaste stof te beweeg.

Wat kan jy doen?

- Volg altyd die prosedure vir die korrekte hantering van chemikalieë in massa of in houers, maak nie saak of jy nou die kliënt is wat ontvang of die verskaffer wat produk lewer nie. As jy foute in die prosedure kry, merk dit en bespreek met jou toesighouer sodat dit reggestel kan word.
- Gebruik die korrekte toerusting om chemikalieë oor te plaas, of dit nou in massa is of in houers.
- Kyk noukeurig na die etikette wat op die houers is maar ook die aflewings nota en interne dokumente. Onthou dat ook klein hoeveelhede soos laboratorium monsters moet behoorlik geëtiketteer wees.
- Massa aflewings het ander soorte etikettering en dokumente as dit ontvang word. Dis belangrik om die inhoud te bevestig VOORDAT dit afgelaai word. Sekere maatskappye neem 'n monster vir laboratorium analise om te bevestig dat dit die regte chemiese stof in voordat hulle aflaai maar verifieer ook die papierwerk. Wanneer jy produk uitstuur na klante toe, verseker dat al die etikette en vragbriewe korrek is.

Korrekte ontvangs van chemikalieë is 'n kritieke stap wat alle prosesse stroomaf beskerm